

24 Desember

Verheug jou in swaarkry, want swaarkry louter ons tot opregte geloof en vreugde in die liefde wat God aan ons skenk

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:2-5

Om jou te verheug, is om dankbaar bly te wees, om te juig, om opgewonde te wees, en dit oor swaarkry. Vreugde as jy swaarkry. Dit rym mos nie. Nee, as dit goed gaan, moet daar mos vreugde wees. As daar swaarkry is, moet daar hartseer wees.

Die Griekse woord vir verheug of roem beteken dat jy 'n ongewone hoë graad van vertroue in iemand of iets het, wat uitsonderlik waardevol is. Ons verheug ons in die genade van God wat ons deel geword het deur Jesus Christus. Die Griekse werkwoord staan ook in 'n tyd wat beteken dat elke ware gelowige, elke dag, persoonlik, self hom daarin moet verheug. Jy kan jou nie verheug in mensewerk of jou eie werk, deur jouself gedoen in jou eie krag nie. Alles is en moet deur die krag van die Heilige Gees wees en daar moet geroem word in Hom. Verheug of roem is as jy van jouself wegkyk na God toe.

Om jou dan te verheug in swaarkry, is om positief dankbaar te wees vir die swaar ter wille van God. As dit dan gaan om die eer van God, dan is die swaarkry 'n dankbaarheid waarin ons ons moet verheug (vgl. 2 Kor 4:7-11).

Swaarkry is as ons as Christene vir ons godsdiens ly. Die troos in die swaarkry of die verdrukking lê daarin dat Christus klaar die wêreld vir ons oorwin het. Dit verseker die Heilige Gees aan ons deur die Woord. Swaarkry vra geduld. Swaarkry is vir die Christen nie iets negatiefs nie. Swaarkry is goed vir die Christen. Dit maak jou sterk. Swaarkry kweek volharding. Volharding kweek egtheid van geloof. Egtheid van geloof kweek hoop. Die hoop word bewaarheid, want dit is gegrond op die feit dat God sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Daarom dat Paulus skryf dat ons ons drie maal verheug:

- Verheug jou in die hoop op die heerlijkheid wat God vir ons bestem het.
- Verheug jou in die swaarkry.
- Verheug jou in jou God.

Om kerk te wees en te bly, vra volharding en geloof en vreugde. God het ook die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika vir 150 jaar gedra en bewaar. Al word die getalle minder, al word die stryd feller, God sal sy kerk bewaar. Jesus Christus het gekom om ons te verlos en te koop. Daarom behoort ons aan Hom en daarom sal Hy sy eiendom deur swaarkry bewaar tot met die wederkoms. Daarom is daar *dankbaarheid en hoop*. In God se hande is ons veilig.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. Gerrit Kruger (Centurion)